AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# *Deeltydse sentrumtoesighouer*

PRETORIA

Akademia is ’n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het tans deeltydse poste in Gauteng (Centurion, die Moot en Voortrekkermonument) vir sentrumtoesighouers.

## POSDOELSTELLING

Die sentrumtoesighouers sal Akademia se belange in Centurion behartig en hoofsaaklik toesighoudende en administratiewe funksies verrig tydens kontak- en assesseringsessies. Daar mag ook van die persone verwag word om video’s na te gaan wat tydens die eksamensessies opgeneem is.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- toesighouding tydens kontakassesseringsessies
- administratiewe funksies
- nagaan van aanlyn assesserings (video’s)

## POSVEREISTES

- ’n Nasionale Senior Sertifikaat (NKR-vlak 4)
- Afrikaans magtig
- toepaslike ondervinding in toesighouding (voordelig)
- kandidate wat vanaf 08:00 in die oggende beskikbaar is (geniet voorkeur)

## VAARDIGHEDE

- vermoë om in ’n dinamiese en gereeld veranderende omgewing te kan werk
- beskik oor etiese standaarde
- uitstekende koördinerings-, prioritiserings- en ondersteuningsvaardighede
- gemotiveerd en ’n positiewe ingesteldheid
- effeftiewe mens-, interpersoonlike en kommunikasievaardighede
- goeie administratiewe en tegnologiese vaardighede

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Slegs Afrikaanse CV’s sal aanvaar word. Aansoeke moet voor of op 14 September 2026 ingedien word. Stuur ’n e-pos met jou Afrikaanse CV na vakanteposte@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.**

Akademia behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.